

**Donderdag 1 Mei**

**Skrifgedeelte: Psalm 40 (AFR2020)**

**Fokusgedeelte: Psalm 40:7-9**

**U het my ore oopgemaak om u woord te hoor**

In die begin van Psalm 40 beskryf Dawid met beeldspraak hoe die Here hom uit groot nood gered het. Dit was asof hy in 'n diep put vasgekeer, besig was om in die modderige slik weg te sink. Hy was verlore, maar hy het tot die Here geroep en op die Here bly wag. Uiteindelik het die Here hom gered en sy voete op 'n rotsbank laat staan.

Hierdie redding deur God het reaksie by Dawid gewek. Hy het 'n nuwe lied vir die Here gesing (vs 4) en hy het oor sy redding getuig (vs 6, 10-11). Die kern van sy reaksie is dat hy homself nou in gehoorsaamheid aan die Here wou toewy. Hy besef dat die Here nie uiterlike offers wil hê nie, maar 'n toegewyde hart. 'n Toegewyde hart soek nie sy eie dinge nie, maar soek die wil van God. Iemand met 'n toegewyde hart se ore is oop vir die woord van God (vs 7). Iemand met 'n toegewyde hart dra die wet van God met liefde in sy binneste (vs 9).

Jesus is die volmaakte vervulling van hierdie woorde. Daarom dat verse 7 en 8 van Psalm 40 letterlik in Hebreërs 10:5-8 op Jesus van toepassing gemaak word. Deur sy volmaakte gehoorsaamheid is ons uit die put van ons sonde-ellende gered. In reaksie op ons verlossing roep Paulus ons in Romeine 12:1-2 op om ons liggame as lewende offers aan God beskikbaar te stel. Dit kan alleen gebeur wanneer ons denke vernuwe word volgens die woord van God.

Maak jou ore so vir God se woord oop dat jou denke daardeur gevorm word. Dan sal jy nie net tot God se eer lewe nie, maar ook geduldig en vertrouend op Hom kan wag wanneer swaarkry weer op jou pad kom (vs 12-18).

*Sing: Psalm 40-1:3, 4*

*Dr. JA (Jannie) Erasmus (Odendaalsrus)*